

Les Plan Drie Voeding

KRITIEKE UITKOMSTE

KU#7: Demonstreer begrip vir die konsep dat die wêreld 'n reeks van verwante sisteme is deur die besef dat probleem oplossings nie in isolasie bestaan nie.

LEER UITKOMSTE

LU#2: Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

Sub-vaardighede:

- Kennis omskryf in 'n nuwe konteks
- Waarneming en die herroeping van kennis
- Voorspelling

LU#3: Die leerder sal in staat wees om 'n verstandhouding te toon van die verhouding tussen wetenskap, tegnologie, die gemeenskap en die omgewing.

Gebruik maak en die bestuur van bronne.

ASSESSERINGS STANDAARDE

Herroep betekenisvolle inligting.

Interpreteer inligting.

HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Hersien die afdeling oor voeding op bladsy 29 in die Graad Vyf Lesse deur gebruik te maak van terme soos omnivore, herbivore and karnivore.

Verduidelik aan die leerders dat verskillende diëte verskillende waardes sal hê: herbivore versus omnivore versus karnivore. (1kg vleis is nie gelyk aan 1kg gras nie)



AKTiwITEIT 1 – die Haas en die Jagluiperd (Aangepas vanaf PROJECT WILD se Deadly Livks aktiwiteit)

Hierdie word as inleiding gebruik om die leerders aan die konsep bekend te stel dat verskillende tipes voedsel verskillende voedings- en energiewaardes besit.

Verdeel die klas in drie groepe om gras, hase en jagluiperds voor te stel. 'n Groep van 30 leerders moet 20 gras eenhede, 8 hase en 2 jagluiperds bevat. Gee aan elke leerder 'n vel papier waarop aangedui is of hulle gras, hase of 'n jagluiperd verteenwoordig. Gaan buitentoe en meet 'n gebied van 30 by 30 meter. Vra die hase om in 'n lyn aan die een kant van die gebied te gaan staan. Hulle moet ewereding gespasieër wees met hulle rûe gedraai na die gebied. Die twee jagluiperds kan solank van die kant af staan en kyk.

Die leerders wat die gras verteenwoordig moet hulle self in 'n onreëlmatige patroon rangskik oor die gebied van 30 by 30 meter.

Elke haas moet die plek waar hy gesit het merk deur 'n papier met sy naam op te gebruik. Hierdie merke verteenwoordig die hase se mae. Na tot drie getel is, vra hulle om om te draai en in 'n tydperk van 10 sekondes soveel as moontlik gras te merk. "Gras" wat gemerk is moet van die gebied af beweeg en in 'n lyn agter die naam van die leerder gaan sit wat hulle gemerk het. Na 10 sekondes moet die hase na hulle "mae" terugkeer en kyk hoeveel gras hulle het. Die gras moet bly sit waar hulle is.



Die hase moet hulle volgende onreëlmatig rangskik in die uitgemete gebied terwyl die jagluiperd 'n plek kies aan die teenoorgestelde kant as waar die gras sit. Elke jagluiperd moet die plek waar hy staan met sy naam merk. Gee die jagluiperds 20 sekondes om die hase te merk. Gedurende hierdie tyd kan die hase rondbeweeg in 'n poging om die jagluiperds te ontduik, solank hulle in die uitgemete gebied bly. Hase wat gemerk is moet van die veld af beweeg en agter die jagluiperd se naam gaan sit wat hulle gemerk het.

Aan die einde van die tyd moet die jagluiperds van die veld af beweeg en tel hoeveel hase hulle gevang het.

Die antwoorde kan in 'n tabel vorm op die swartbord neergeskryf word:

	Hoeveelheid gras (ingeneem)	Hoeveelheid hase (ingeneem)
Hase		
Jagluiperds		

Die leerders behoort hieruit te kan sien dat alhoewel die jagluiperd net twee hase gevang het, die hase baie gras verteenwoordig. Dieselfde hoeveelheid vleis en gras deel dus nie dieselfde voedings waarde nie. 'n Roofdier sal dus, in gewig, minder eet as 'n herbivoor.

Vra die klas om 'n paragraaf te skryf met voorspellings oor die volgende:

Hoe dit die gedrag van 'n dier sal beïnvloed. 'n Herbivoor sal meer tyd spandeer aan eet om dieselfde hoeveelheid energie / voedingswaarde in te neem as 'n roofdier / karnivoor.

Hoe dit die landbou affekteer. 'n Beesboerdery sal minder land gebruik as 'n boerdery met gewasse aangesien die boer baie meer gewasse moet verbou om dieselfde energie / voedingswaarde as vleis te voorsien.



WAARDEBEPALING

1	2	3	4
Die leerder was nie in staat om te verstaan dat verskillende tipes voedsel verskillende voedingswaardes het nie.	Die leerder het verstaan dat voedsels verskillende voedingswaardes het, maar het geen logiese redenasies gebruik in sy voorspellings oor hoe dit die gedrag van diere sal beïnvloed nie.	Die leerder het die verskillende voedingswaardes van vleis en plante verstaan. Hulle kon logiese redenasies gebruik om voorspellings te maak oor die effek op diere gedrag en landbou.	Die leerder het alle verwagtinge oortref en het 'n dieper begrip getoon vir die effek van verskillende voedingswaardes op die landbou en diere gedrag.

